NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

# Die Hervormer


April 2024 | Die amptelike mondstuk van die NHKA | Jaargang 117, nommer 1



Kontak is jou keuse | 3



Die ontwikkeling van die Kinderhuise | 4-5



'n Ruimtelike perspektief op Boek IV van die Psalms | 6



Stoepstories | 8

# Gelowig, gehoorsaam en dapper



**Prof Wim Dreyer**

**Die eerste Algemene Kerkvergadering het van 2 tot 18 November 1824 in Kaapstad sitting geneem. Deur die loop van 2024 herdenk die Hervormde Kerk hierdie historiese gebeurtenis twee eeue gelede.**

Die 1824 AKV moes 'n kerkorde opstel, sodat die Kaapse kerk selfstandig en onafhanklik van die Hervormde Kerk in Nederland kon funksioneer. Volgens die amptelike notule het die AKV soos volg besluit:

> *De Synode heeft besloten, dat den Kerkenorder door den Heer Commissaris Generaal Mr. J.A. De Mist, in het jaar 1804 ontworpen, beschouwd zal moeten worden als de grondwet der Hervormde Kerk in deze Volksplanting, van dewelke deze latere algemeene bepalingen van Kerkbestier slecht modficatien en byvoegzels zyn, uit de veranderde gesteldheid der tyden en omstandigheden geboren... Het Bestuur der Hervormde Kerk word uitgeoefend, Gemeentelyk, Ringswyze en Synodaal.*

Die titel van die *Algemeen Reglement* wat die AKV in 1824 opgestel het, lees soos volg: *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk, in Zuid-Afrika, ontworpen in de Algemene Kerkvergadering, gehouden binnen de Kaapstad, op den 2 November, en volgende dagen van het jaar 1824.*

Dit is belangrik om die titel van die Algemeen Reglement van 1824 reg te verstaan. Allereers is dit duidelik dat die naam as "Hervormde Kerk" vasgestel is. Dit blyk uit die herhaaldelike gebruik van "Hervormde Kerk" in die notule van die AKV en die Algemeen Reglement van 1824, asook korrespondensie tussen die gemeentes. Die voorafgaande "Nederduitsche" was nie bedoel om deel van die naam te wees nie, maar eerder 'n aanduiding van die taal wat in die Kaapse kerk gebruik sou word. Dit is merkwaardig dat taal só prominent figureer, maar is te verstane gesien die verengelsingsbeleid van die Britse koloniale owerheid. Die verengelsing van die staatsdiens, onderwys en regspraak het teen 1824 al ver gevorder. Die predikante wat van Skotland na die Kaap beroep is, was deel van goewerneur Charles Somerset se strategie om die Kaap te verengels.

Ook die "Zuidelike-Afrika" wat in die titel van die Algemeen Reglement verskyn, was nie deel van die Kerk se naam nie, maar bloot 'n geografiese aanduiding. Hierin het die AKV die voorbeeld van die Hervormde Kerk in Nederland gevolg, wat net agt jaar tevore 'n Algemeen Reglement in gebruik geneem het. Die Nasionale Sinode van Den Haag het op 3 Julie 1816 vergader om 'n nuwe kerkorde goed te keur, met die titel *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koningrijk der Nederlanden*. Nadat die Algemeen Reglement in 1816 aanvaar is, het die kerk in Nederland amptelik as die "Hervormde Kerk" bekend gestaan.

Die naam "Hervormde Kerk" is nie lukraak gekies nie. Dit is algemeen gebruik, en is in verskeie amptelike dokumente gebruik. Een van die belangrikste is die Psalmberyming wat in 1776 in Nederland verskyn het. Die titel van die liedboek was *Het boek der Psalmen, nevens de Gezangen bij de Hervormde Kerk van Nederland in gebruik.* Die naam "Hervormde Kerk" verskyn in die liedboek se *Acte van Consent*, geteken deur JJ Kessler onder die amptelike wapenskild van die Stad Amsterdam, soos gemagtig deur die Nederlandse parlement.

Die AKV het in 1824 besluite geneem wat bepalend was vir die voortgang van die reformatoriese tradisie en gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Wanneer kerklike vergaderings rigtinggewende besluite neem, is dit gewoonlik die resultaat van lang en moeilike prosesse. Kerklike besluite moet in gehoorsaamheid aan God geneem word, en dit moet die welwese en voortgang van die kerk dien. Goeie besluite verg gebed, noukeurige studie van die Woord, kennis van vorige besluite en die gebruike van die Kerk. Dit is nie 'n meganiese proses nie, maar die resultaat van intense worsteling met die vraag: *Wat is die regte besluit in hierdie omstandighede? Wat verwag God van ons?*

Sedert 1824 moes die AKV dikwels moeilike besluite neem. Terugskouend kan die besluite positief of negatief beoordeel word. Besluite is geneem oor die selfstandigheid van die Hervormde Kerk, die verhouding met die owerheid, teologiese opleiding, sending, apartheid, die vrou in die amp, homoseksualiteit, kerkwees in die toekoms, en vele meer. Besluite wat die AKV geneem het, weerspieël baie dikwels die kronkelgang van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, en die vraagstukke waarmee die samelewing gekonfronteer word. Dit weerspieël ook iets van die geloofsworsteling en aanpasbaarheid van die kerk; om kerk te wees en te bly te midde van die veranderende sosio-politieke en ekonomiese landskap van Suid-Afrika.

Om die regte besluit te neem, verg onderskeidingsvermoë en dapperheid. Maklike besluite verander nooit die status quo nie. Omstandighede verander altyd, en stel die kerk voortdurend voor die eis om sigself krities te beoordeel en te hervorm. 'n Hervormde Kerk moet altyd weer hervorm (*ecclesia reformata semper reformanda*), en dit verg dapper besluite. In die konsistorie van die *Grossmünster* in Zürich, is 'n bekende spreuk van die Switserse kerkhervormer Zwingli verewig: *Tut um Gottes willen etwas tapferes* (om Gods wil, doen net iets dapper). Die ander beroemde Switserse teoloog, Karl Barth, het weer by geleentheid ons daaraan herinner dat die kerk altyd 30 jaar te laat dapper word.

Ons het die voorreg om 200 jaar van kerkwees te gedenk. Mag die worstelgang van die Hervormde Kerk die afgelope twee eeue ons inspireer om gelowig en gehoorsaam aan Gods Woord, en met dapperheid, die toekoms tegemoet te gaan.

(Prof Wim Dreyer is voorsitter van die Kommissie van die AKV)

# Skoolonderrig in 'n taal van eie keuse

Dr Johan van Staden

**Verlede maand het die derde grootste verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind, naamlik die verkiesing van 'n beheerliggaam vir elk van die ongeveer 23 000 openbare skole. Die Kerk het 'n besondere belang in die opvoeding en onderrig van ons kinders. Baie geluk aan elke leser van *Die Hervormer* wat gekies is om hul kinders se skool op hierdie wyse te dien. En sterkte! Hierdie gaan sonder twyfel 'n uitdagende termyn wees.**

'n Sterk, waardegedrewe beheerliggaam is die lewensaar van elke skool. Hierdie termyn gaan egter in die besonder gekenmerk word deur die omstredenheid rondom die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (Bela). Die wetsontwerp bevat onder andere bepalings wat handel oor die instelling van 'n verpligte graad R en die regulering van tuisonderrig om kwaliteitonderwys ook in daardie sektor te verseker. Dit is egter die bepalings wat sekere besluitnemingsprosesse sentraliseer wat pla.

Tydens die skrywe hiervan is die Nasionale Raad van Provinsies besig om die wetsontwerp te verwerk nadat dit reeds vroeër deur die Nasionale Vergadering aanvaar is. Daarna word dit aan die president voorgelê om onderteken te word. Hierdie drakoniese wetsontwerp wil onder meer die besluitnemingsmagte oor die taal- en toelatingsbeleid van openbare skole van beheerliggame wegneem en dit in die hande van provinsiale onderwysdepartementshoofde plaas. Openbare druk bou tans op en hierdie aanpassings aan die Skolewet gaan waarskynlik die onderwerp word van verskeie regsaksies indien dit aanvaar word.

Tans maak wetgewing voorsiening vir twee soorte skole: onafhanklike en openbare skole. Suid-Afrika het met ander woorde geen staatskole nie. In weerwil hiervan kry die staat in die Bela-wetsontwerp vetoreg oor taal- en toelatingsbeleid. In openbare skole het die ouergemeenskap inspraak in beleidsformulering deur middel van 'n verkose beheerliggaam waarin ouers die meerderheidsbelang het. Die beheerliggaam is immers in voeling met die unieke behoeftes, insluitend die taalbehoeftes, van die betrokke skool en ouergemeenskap. Die gesonde wisselwerking tussen die gemeenskap en die skool word egter nou ernstig in gedrang gebring.

Ek het voorheen in hierdie kolom my posisie verklaar wat my siening van die aandrang op moedertaalonderrig mag beïnvloed. My kinders, 9 en 11 jaar oud, se moedertaal en huistaal is Engels. Hulle floreer egter in 'n enkelmedium Afrikaanse openbare skool. Heelparty akademiese presteerders in hul skool, vanjaar se hoofdogter ingesluit, is nie moedertaal Afrikaanssprekers nie. Ek vermoed daar is talle ander Afrikaanse skole wat van dieselfde kan getuig. En daar is by my geen kommer dat my kinders, of ander nie-moedertaalsprekers in Afrikaanse skole, eendag 'n agterstand gaan hê in enige studie- of werkomgewing nie. Inteendeel...

Om die taal as onderrigmedium te laat groei, vereis 'n aandrang op *taal van eie keuse* en nie noodwendig *moedertaal* nie. Die woord *moedertaal* kom in elk geval nie in die Grondwet van Suid-Afrika voor nie. Artikel 29(2) lees: *Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is.* Om doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat enkelmediuminstellings oorweeg, aldus die opperwet van die land.

Natuurlik sal moedertaal in die meeste gevalle taal van eie keuse wees, maar dit is nie uitsluitlik so nie. Daar is talle redes waarom Afrikaans die onderrigmedium van keuse van party nie-moedertaalsprekers behoort te wees. Afrikaans is 'n jong, dinamiese en moderne taal wat relatief maklik aangeleer kan word danksy 'n eenvoudige grammatika, sinstruktuur en spraakpatroon. Daarbenewens is Afrikaans 'n hoogsontwikkelde akademiese en wetenskaplike taal.

Daar is toenemende navorsing wat aantoon dat meertaligheid 'n belangrike rol kan speel in kinders se kognitiewe ontwikkeling. Leerders wat blootgestel word aan onderrig in 'n ander taal as hul moedertaal, beskik dikwels oor groter kognitiewe vaardighede, soos behendigheid met probleemoplossing en kritiese denke, asook 'n verhoogde kulturele sensitiwiteit. Afrikaans is uitstekend geposisioneer om hierdie rol vir nie-moedertaalsprekers te vervul. Uiteindelik behoort die doel te wees om 'n onderrigomgewing te skep wat leerders toerus met die vaardighede wat hulle nodig het om te floreer, ongeag die taal waarin die onderrig plaasvind.

Die proses om 'n onderrigtaal te kies, behoort dus genuanseerd te wees. Die kwaliteit van die onderrig wat gelewer word, sal altyd die taal waarin dit aangebied word, troef. Goeie onderrig in 'n tweede taal is veel wensliker as swak kwaliteit onderrig in 'n leerder se moedertaal. En die kwaliteit van onderrig in Afrikaanse skole is oor die algemeen bo verdenking.

Volgens die grondliggende bepalings van die Grondwet moet die staat in elk geval praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van inheemse tale te verhoog en hul gebruik te bevorder (artikel 6[2]). Heftige pogings om Afrikaans se inheemse status te ontken, was tot dusver vrugteloos. In die Grondwethof in 2021, in 'n saak oor een van ons land se groot universiteite se taalbeleid, het die universiteit se regsverteenwoordiger aangevoer dat Afrikaans nie 'n inheemse taal in Suid-Afrika is nie. Regter Steven Majiedt se vraag: *In watter land is Afrikaans dan nou wel inheems?* het die senior advokaat nogal laat kleitrap. Die regter verduidelik dan op 'n voortreflike wyse waarom Afrikaans 'n inheemse taal is.

Die toekoms van Afrikaans as onderrigmedium lê steeds primêr by moedertaalsprekers, maar slegs in soverre hierdie sprekers daarin slaag om die taal as inklusief te bewys en te laat groei deur die toenemende en volgehoue toevoeging van nie-moedertaalsprekers tot die soetste taal se geledere. Indien die Bela-wetsontwerp nie gestuit word nie, gaan hierdie ideaal baie moeilik haalbaar wees.

## Uit die Woord

**Die Heiland leef!**

*Hulle het uitgegaan en in die boot geklim, maar daardie nag het hulle niks gevang nie. Teen dagbreek het Jesus daar op die strand gestaan, maar die dissipels het nie geweet dit is Jesus nie. Jesus vra hulle toe: "My kinders, julle het seker niks om te eet nie?" Hulle antwoord Hom: "Nee." Hy sê toe vir hulle: "Gooi die visnet uit aan die regterkant van die boot, en julle sal iets kry." Hulle gooi dit toe uit, en vanweë die groot klomp vis was hulle nie in staat om dit in te trek nie. Daarop sê die dissipel, die een vir wie Jesus liefgehad het, vir Petrus: "Dit is die Here!"* (Johannes 21: 3-7, AFR2020)

Dit is die dag, die Heer se dag!
Die Heiland leef, oorwin die graf
– verbreek sy mag – verdryf die nag.

Die Heer verrys in môrelig.
Getroues sien sy aangesig
en bring met blydskap dié berig.

Halleluja! Halleluja!
Halleluja! Halleluja!
Die Heiland leef, is uit die graf!

(Izak de Villiers,
Gesang 408, Liedboek van die Kerk)

# Oordenking

## Dit is die Here!

Dr Barry van Wyk, emeritus/Warmbad

***Jesus sê vir hulle: "Kom eet ontbyt!" Niemand van die dissipels het egter gewaag om Hom te vra, "Wie is U?" nie, want hulle het geweet dit is die Here.* (Johannes 21: 12, AFR2020)**

**Lees Johannes 21: 1-14**

Daar word jaarliks groot gewag gemaak van die gebeure in die kerklike jaar wat strek van Kersfees tot Paasfees, selfs die wêreld waarin die kerk leef en werk is klaarblyklik ook gaande, veral tydens Kersfees. Dit is verder ook opvallend dat die aantal besoekers in eredienste van verskillende gemeentes met Kersfees gewoonlik veel beter is as tydens Paasfees. Waarskynlik het dit te make met die bewuste of onbewuste siening dat makliker met 'n pasgebore kind in sulke nederige omstandighede omgegaan word as om die geweld van die wêreld te aanskou waar mense in die openbaar gekruisig is. Moontlik leef daar ook 'n ietwat sentimentele siening oor die Jesuskind se geboorte wat makliker verteerbaar is as die lydende Seun van God aan die kruis.

Dit is natuurlik so dat Kersfees nie los van Paasfees en Paasfees nie los van Kersfees gesien en hanteer kan word nie. Die Jesus van Kersfees is nie 'n ander Jesus as die Jesus van Paasfees nie. Die Jesus van Kersfees is die Seun van God wat volledig mens was om die sonde van die wêreld te dra, maar ook volledig God was om die sonde van die wêreld wég te dra. Albei hierdie twee groot gebeurtenisse in die kerklike jaar verg 'n bepaalde korreksie tot dieper insig. Die kind is die Verlosser wat daar gebore is en die man aan die middelkruis is die Here wat dood en hel oorwin het. Dit is dié gebeurtenis op Paassondag wat plaasvind in 'n Goeie Vrydag-wêreld.

Miskien is dit 'n nog uitnemender korreksie vir gelowiges om nie net te bly staan tussen Kersfees en Paasfees nie, maar ernstig kennis te neem van die gebeure tussen Paasfees en Tiberias. Daar is 'n verskil tussen die voor-Paasfees- en die na-Paasfees-Jesus. Die na-Paasfees-Jesus is die Here wat die dood oorwin en verder inklusief en omvattend alle magte van die bose deur sy dood en opstanding getroef het. Hy is die Here wat bely word, die opgestane Heer, wat deur die opstanding triomfantlik die Hoof en Heer van die kerk is, en die rigting waaraan die sondaarmens blootgestel was deur die sonde, verander het om hemelgerig te leef en daaraan gelowig vas te hou.

Die ontdekking wat die dissipels moes maak nadat hulle moedeloos teruggeval het op hul troostelose bestaan van vroeër, was dat die Here leef, dat Hy méér is as net Jesus van Nasaret.

Daarop volg die belangrike belydenis in hul ontdekking, naamlik: Dis die Here. Hierdie belydenis in die weg van Paasfees na Tiberias het vir hulle, maar vir die kerk, ook en veral hedendaags, kritiek belangrike gevolge. By alles moet die gebeure in die erediens daarop uitloop, sodat die figuur van die bedienaar van die Woord uit fokus kan raak en lidmate huiswaarts keer met: Dit is die Here! Die kerk van hierdie dae word nie lamgelê deur 'n gebrek aan getalle of fondse nie, maar deur 'n afwesigheid van hierdie Tiberias-belewenis in die lewe van gelowiges wat, behalwe gereelde bywoning van eredienste, ook gevoed word deur volgehoue gebed, want deur gebed raak ons bewus van die teenwoordigheid van die Here in ons lewe.

Dit is nie so spontaan om krities op die self te wees nie, maar daar is altyd geleentheid om te werk aan wat genoem kan word 'n Hervormde spiritualiteit (vroomheid) wat deur die weg tussen Paasfees en Tiberias vorm aanneem, sodat uiteindelik in verwondering bely kan word: *My Here en my God!* (Joh 20: 28).

# Kontak is jou keuse



Ds Paul van Jaarsveld

**'n Vraag op elke kerklidmaat se lippe, elke jaar, is: Wat gaan ons doen met die jeug? Gereeld hoor ons stellings soos *ons moet buite die kassie dink, ons moet anders dink*. Hoe gaan ons die kinders behou en nie die studente verloor nie?**

Ons weet die antwoord lê nie in fantastiese dekor en spookasemteologie nie, maar eerder in verhoudings, en ons gemeente het gedink daar is dalk 'n behoefte aan 'n ruimte waar sterk verhoudings gebou kan word. Ons weet dat om mekaar net een keer 'n week te sien te midde van die kinders en die dominee se besige programme, vir seker nie gaan help om sulke verhoudings te bou nie. So ons het besluit om so 'n ruimte te skep...

Ons huidige kerkbywoning en kategese is kontakpunte, maar dit word meestal gereël met die gedagte dat ons vir die tieners iets wil gee (wat hulle moet kom haal), byvoorbeeld 'n kategeseles of 'n aanbieding wat die ouers sê hulle ***moet*** bywoon, vaste kontak gesentreer rondom kerk en dienste. Michael de Vries sê onomwonde 'n mens onthou dalk nie die les of die aanbieding nie, maar jy onthou wel die verhoudings, jy onthou die mense wat dáár was. In die verlede sou ons "kontaksessies" met die kinders reël, maar nou skep ons 'n ruimte vir hulle en sê: *Kontak is jou keuse**,** maar jy het toegang.* Ons skep dus vir hulle 'n spasie om net te kom wees, met gratis toegang en geen voorwaardes nie, 'n ruimte waar hulle iets kom kry, nie waar iets gegee word wat hulle ***moet*** vat nie.

Ons gemeente het so 'n kontakpunt begin waar hulle kan wees met toegang tot 'n predikant, geloof, gebed, en mekaar, 'n spasie waar hulle vrae kan vra of net kan wees, waar hulle hul verhouding met die Here kan verdiep of net tyd deurbring saam met hul vriende weg van die huis af. Die kerk se Wi-Fi is tot hul beskikking sou hul dalk wou werk weg van die huis. Dis 'n veilige, vloeibare spasie waar hulle net kan kom wees en waar hulle mekaar ook beter kan leer ken en meer kan word as net vreemdelinge wat saam klas loop.

Hierdie spasie is nie denominasie- of kerkgebonde nie, en hulle hoef ook nie deel van ons Kerk te wees om deel te kom neem nie. Daar is nie sulke voorwaardes nie, jy kan kerk wees waar jy wil en jy kan steeds deel in die spasie, dis 'n plek om ander te ontmoet. Alhoewel ons werk met 'n program, word dit ook nie afgedwing nie, en stiptelikheid pla nie. Ons poog om hierdie ruimte so vloeibaar moontlik te hou.

Hierdie ruimte is die selbyeenkoms, elke tweede Donderdag van 18:00 tot 20:00. Rondom 18:00 word die tieners afgelaai, rondom 18:30-19:00 is die aktiwiteit vir die aand, 20:00 se kant kom haal hul ouers hulle weer.

Wat doen ons? Lofprysaande saam met die kerkorkes, Bybelse vasvra-aande met pryse te wen, *minute-to-win-it* en karaoke, elke byeenkoms doen ons iets anders, van geestelike boodskappe en bidaande tot boeresport en speel. Dis 'n spasie om in te wees, met 'n klomp aktiwiteite tot hul beskikking (soos potspel, werkstasies, musiek, springmielies, *slush puppies*...) vir 'n lekker atmosfeer en om net te kom *wees*. Geloof, huiswerk, verhoudings, stilte, vriende.

**Wie?**
Die fokusgroep is meestal die hoërskoolleerders (grade 7-12). Laerskoolkinders kan ook bywoon solank hulle vergesel word deur 'n ouer boetie of sussie.

**Waar?**
By die kerk, natuurlik!

**Waarom?**
Om vir die jeug 'n ruimte te gee om in te kom wees. Om vir die graad 12's ook 'n ruimte te skep in die bediening. Om die jeug die kans te gee om saam in geloof en in die kerk te kan leef. Om vir hulle 'n toegangspunt te gee wat hulle andersins slegs op Sondae kan kry, indien die predikant beskikbaar is. Om organies ons eie studente te skep, sodat ons nie die jeug verloor na graad 11 en hulle eers weer sien as hulle afstudeer het nie. Om vir hulle die geleentheid te gee om saam met hul ouers kerk toe te gaan op Sondae en steeds hul eie geleentheid ook te hê sonder om uitgesluit te wees van die breër gemeente. Om hulle die geleentheid te gee om hul vriende wat in ander kerke is, saam te kan nooi sonder dat hulle hul eie kerk se bediening misloop.

Tot dusver het hierdie bediening mooi spoed opgetel en ons kry goeie terugvoer van die tieners. Ons droom vir hierdie bediening is vir meer interkerklike samewerking tussen ander gemeentes, waar ons saam sulke projekte kan ondersteun en hande kan vat in die bediening van ons jong mense.

Die kinders van die kerk is nie die kerk van môre nie, maar die kerk van vandag!

(Ds Paul van Jaarsveld is leraar in Gemeente Wapadrant)

# Ringsvergaderings 2024

| RING | VERGADERPLEK | DATUM |
|---|---|---|
| BRAKPAN | Emmaus Kenleaf | 5 Mei |
| BRONKHORSTSPRUIT | Witbank-Noord | 11 Mei om 09:00 |
| CHRISSIESMEER | Piet Retief | 4 Mei |
| DORSLAND | Swakopmund | 17 en 18 Mei |
| GERMISTON | Alberton | 9 Junie om 15:00 |
| HOËVELD | Heidelberg | 6 April om 09:00 |
| JOHANNESBURG | Johannesburg-Wes | 11 Mei |
| KLERKSDORP | Klerksdorp-Suid | 19 Mei |
| KROKODILRIVIER | Buffelspoort | 6 Mei om 08:00 |
| KRUGERSDORP | Krugersdorp-Oos | 4 Mei om 08:00 |
| LAEVELD | Laeveld | 9 Junie |
| LOSBERG | Randfontein Midpark | 13 Julie |
| MAGALIES | Noorderlig (Witfontein) | 5 Mei |
| MAQUASSI | Wolmaransstad | 9 Junie om 11:00 |
| MIDDELBURG | Witrivier | 18 Mei |
| NOORDELIKE BOSVELD | Van der Hoff | 5 Junie |
| NOORDELIKE NATAL | Vryheid | 4 Mei om 09:00 |
| NOORD-KAAPLAND | Kathu | 20 April |
| OOS-KAAPLAND | Port Alfred | 11 Mei |
| PIETERMARITZBURG | Durban-Suid | 18 Mei |
| POTCHEFSTROOM | Potchefstroom | 19 Mei om 15:00 |
| PRETORIA | Silverton | 2 Junie |
| PRETORIA-WES | Midstream | 14 April om 11:00 |
| ROODEPOORT | Culembeeck | 2 Junie |
| RUSTENBURG | Rustenburg-Kloof | 12 Mei om 11:00 |
| SWELLENDAM | Mosselbaai | 11 Mei om 08:30 |
| VEREENIGING | Meyerton | 4 Mei om 08:00 |
| VRYSTAAT | Bloemfontein-Wes | 10 en 11 Mei<br>17:00 op 10 Mei |
| WES-KAAPLAND | Weskus | 25 Mei |
| ZEERUST | Zwartruggens | 11 Mei |
| ZUURFONTEIN | Primrose-Oos | 11 Mei 08:00 |

# Die ontwikkeling van die Kinderhuise – van weeshuis tot ouerhuis

Ds Willem Kok

**Die Hervormde Kerk het in 1922 formeel toegetree tot kinderversorging. Christelike barmhartigheid is 'n wesenskenmerk van die geloofshandelinge van die kerk.**

Op 3 Augustus 1922 besluit die Algemene Kerkvergadering om 'n weeshuis op te rig. In Augustus 1923 word die eerste kinders opgeneem in 'n huis wat in Krugersdorp gevestig is. Die oudste was 12 jaar en die jongste twee jaar oud. In 1923 word 17 kinders opgeneem en in 1924 nog sewe kinders. Gou was die huis te klein, en in 1940 word 'n huiskompleks van drie dogtershuise en drie seunshuise met 'n prinsipaalhuis en 'n hospitaalhuis in gebruik geneem. Die Kerk het van die begin af in terme van 'n huis gedink om so aan kinders 'n huis te gee met gewone en normale versorging.

In 1947 het die Kerk 'n bestaande kinderhuis aangekoop. Dit was die Ebenhaezerhuis in Capital Park, Pretoria, wat die naam Andries Hendrik Potgieterhuis kry. Die eerste kinders is op 4 Junie 1947 opgeneem. Daar is ook 'n satelliethuis in Rustenburg, bekend as Huis Prinsloo, gevestig.

Daar is in die vroeë 1980's begin beplan aan die Albert Herbst-kinderhuis in Middelburg. Die amptelike ingebruikneming van die Kerk se modernste kinderhuis het op 30 April 1988 in Middelburg plaasgevind. Daar is voorsiening gemaak vir tien huise met 12 kinders in elke huis. So 'n huis het bestaan uit ses slaapkamers, 'n sit-/eetkamer, kombuis, 'n personeelwoonstel en baie ontspanningsgeriewe.

Op 27 Februarie 1996 het die Kinderhuisdireksie besluit om die kinderhuisversorging te vervang met pleegsorghuisversorging. Die eerste agt DPS-huise is op 1 Januarie 1997 gevestig.

Kinderversorging is uit nood gebore. In die beginjare is veral weeskinders versorg. Vir lank is verwys na die Weeshuis van die Kerk. Later het die fokus verskuif na kinderversorging. Al hoe meer kinders word verwaarloos en is selfs erg getraumatiseer. Die gedagte van versorging van kinders in 'n huis was deurgaans die uitgangspunt van die Kinderhuisdireksie. Met die vestiging van die Diakonale Pleegsorghuise het die Kerk van weeshuis tot ouerhuis beweeg. So is die Diens van Barmhartigheid ook afgewentel na rings- en gemeentevlak.

(Ds Willem Kok is voorsitter van die direksie van die Kinderhuise en leraar in Gemeente Potchefstroom)
































EMPOWERED
CONFERENCE
REWIND
CERTIFICATE OF TRAINING


EMPOWERED
CONFERENCE
REWIND
CERTIFICATE OF TRAINING
INA JOOSTE


do
small
things
with
GREAT
LOVE


















QUIZ
night
2-8 lede
per span
5 afdelings
DPS huise
Vrydag, 3 Maart, 18:30 vir 19:00
Ds Jimmy Manders, 083 254 4771
Hamburgers en koeldranke te koop
NH Witfontein, Stasiestraat 750, PTA Noord

# 'n Ruimtelike perspektief op Boek IV van die Psalms: Herinnering en verbeelding in Psalms 90-92 en Psalms 105-106

Ds Marina Kok-Pretorius

**Hierdie artikel is 'n verwerking van ds Marina Kok-Pretorius se referaat wat by die HTK-opening in Februarie vanjaar gelewer is. Dit is gebaseer op haar PhD-graad in Semitiese Tale wat sy in Mei 2024 aan UP verwerf. Die titel van haar proefskrif is *Remembered space: Memory and imagination in Psalms 90-92 and Psalms 105-106*.**



**Agtergrond**
Dink jou 'n wêreld in waarin jy alles verloor wat betekenis aan jou bestaan gee – jou sin van sekuriteit, identiteitsmerkers en geloofsinstellings. Die grootsheid van so 'n verlies oorweldig alle ruimtes van 'n mens se wese. Gekonfronteer met die trauma en verlies wat die ballingskap meegebring het, het die mense van Israel hulle op hul kollektiewe herinneringe beroep om hul verhouding met die Here te ondersoek. Hierdie handeling het hulle in staat gestel om nuwe ruimtes van syn te verbeel waarbinne hul geloof, identiteit en toekoms gerekonstrueer kon word.

**Struktuur van die Psalms**
Die vorming van die Psalmboek het oor 'n lang tydperk plaasgevind. Wanneer die Psalmboek in geheel bestudeer word, blyk dit dat daar samehangende aspekte teenwoordig is wat bepaalde betekenis verleen aan die finale vorm van die Psalmboek. Dit beteken dat die Psalmboek nie 'n versameling van lukrake, individuele psalms is nie, maar doelbewus georganiseer is om 'n narratief te vertel.

Tradisioneel word die Psalms in vyf dele of "boeke" verdeel. Hiervolgens word die eerste drie boeke (Psalms 3-89) tematies in verband gebring met die Dawidiese koningskap en die verbond met Dawid, terwyl die laaste twee boeke (Psalms 90-145) eers in die na-ballingskapse tydperk bygevoeg is as deel van die finale redigeringsproses van die Psalmboek as geheel.

Die Psalms wat die onderwerp van hierdie artikel is, is geleë in die vierde boek, wat strek vanaf Psalm 90 tot en met Psalm 106. Histories speel die Psalms in Boek IV af in die tyd van die ballingskap, hoewel die teikengehoor van die Psalms 'n na-ballingskapse gemeenskap is, terwyl die Psalms inhoudelik die voor-ballingskapse geskiedenis van Israel onthou. Die fokus val hier spesifiek op die inleiding en slot van Boek IV, wat gevind word in Psalms 90-92 en Psalms 105-106. Hierdie Psalms gebruik ruimtelikheid, kollektiewe herinneringe en religieuse verbeelding in hul eksistensiële soeke na 'n wêreld verby die chaos van die ballingskap.

**Ruimtelike dimensies van Bybeltekste**
Bybelwetenskaplikes het in die laat 1990's en vroeë 2000's toenemend begin om Bybeltekste vanuit 'n ruimtelike perspektief te bestudeer. Toegepas op die Ou Testament, behels dit dat die ruimtelike kontoere van 'n teks geanaliseer word volgens die Ou Nabye Oosterse wêreldbeeld en ruimtelike oriëntasie. Die ruimtelike oriëntasie van die Ou Nabye Ooste het bepaal dat mense hulself óf in 'n positiewe óf negatiewe ruimte bevind, in-balans of van-balans-af.

Verder word daar ook onderskei tussen verskillende dimensies van ruimte: Eersteruimte as fisiese ruimte, tweederuimte as geestelik-verstandelike ruimte, en derderuimte as sosiale ruimte. Namate Bybelwetenskaplikes tekste vanuit 'n ruimtelike perspektief bestudeer het, het hulle ook bewus geword van 'n vierde dimensie van ruimte in Bybeltekste, naamlik kollektiewe geheue. Dit hou verband met die belangrike rol wat herinnering en onthou in 'n samelewing speel. Hierdie vierde dimensie van ruimte, of *onthoude ruimte*, word gedefinieer as *die dimensie van ruimte waarin die kollektiewe herinneringe van 'n gemeenskap se gesamentlike geskiedenis op verbeeldingryke wyse herinterpreteer word om hul identiteit te herskep in terme van huidige omstandighede en vooruitsigte vir die toekoms*.

**Onthoude ruimte in Psalms 90-92 en 105-106**
Die betekenis van Psalms 90-92 en 105-106 as inleiding en slot van Boek IV, kan ontsluit word wanneer dit deur die lens van onthoude ruimte gelees word, met kollektiewe herinneringe en religieuse verbeelding as die boublokke van vierderuimte.

Op grond van kollektiewe herinneringe wat herverbeel word, kan die ruimtelike narratief van Psalms 90-92 en 105-106 beskryf word as "ruimte verloor, ruimte onthou, ruimte gevind". Op eersteruimtevlak verloor die volk hul land, stad en tempel. Op tweederuimtevlak verloor hulle die sosiale gom wat hulle bymekaargehou het – die monargie, hul religieuse instellings en hul teologiese sekerhede soos beliggaam deur Sionsteologie. Op derderuimtevlak is die mense van Israel weggevoer van hul huis en bevind hulle hulself verspreid oor 'n vreemde land. Hierdie ruimtelike ontwrigting het gelei tot ervarings van disoriëntasie, 'n verlies aan die sin van behoort, en uiteindelik 'n identiteitskrisis.

Al hierdie ontwrigtinge word op vierderuimtevlak verwerk deur die kollektiewe herinneringe wat Psalms 90-92 en 105-106 tematies aan mekaar verbind. Die figuur van Moses as bemiddelaar tesame met die eksodustradisie vorm vastepunte in die skep van 'n ruimte waarin die verlede onthou word en die toekoms verbeel word.

Hierdie twee hoofmotiewe van onthoude ruimte word gesien in die opskrif van Psalms 90-92 wat hierdie Psalms aan Moses toeskryf. Deur hierdie toeskrywing word die eksodustradisie tegelykertyd op implisiete wyse herroep. In Psalms 105-106 kom onthoude ruimte op meer eksplisiete wyse na vore. Die term "onthou" word regdeur gebruik en daar word in beide Psalms verwys na Moses, terwyl die historiese gebeure van die eksodus ook oorvertel word. Die hooftrajek vir onthoude ruimte in Psalms 90-92 en 105-106 word egter gevind in die intertekstuele skakels wat hierdie Psalms met Deuteronomium 32-33 het. Psalms 90-92 en 105-106 herverbeel die Lied van Moses in Deuteronomium 32-33 as die teologiese basis vir die inlywing van 'n nuwe era vir die volk van God – 'n na-monargiese en na-ballingskapse era.

Vanuit die onthoude ruimte in Psalms 90-92 en 105-106, ontstaan 'n hernude teologie. Die oorkoepelende tema in hierdie Psalms is die verbondsverhouding tussen die Here en Israel. Deur die verbondsverhouding te onthou, is die ballinge, sowel as die na-ballingskapse gehoor, daartoe in staat om hul identiteit te herverbeel as dié volk wat die Here se guns ontvang. Gevolglik ontwikkel daar 'n ruimtelike verstaan van die Here se wese in Psalms 90-92 en 105-106, waarin die Here Self die veilige ruimte vir sy volk word. Die herskeppende mag van die verbondsverhouding met God herstel die geleefde ruimte van die ballingskapse en na-ballingskapse gemeenskappe van hooploos na hoopvol. 'n Verhouding met die Here transendeer alle dimensies van ruimte. Ontwortel, met geen ruimte om "huis" te noem nie, word die Here Israel se tuiste.

**Om te onthou en te verbeel: Verlede, hede, toekoms**
Die ruimtelike interpretasie van Bybeltekste belig bepaalde aspekte van 'n teks se betekenis vanuit 'n vars perspektief. Ruimte is immers méér as bloot 'n geografiese ligging of fisiese plek. Ons ken betekenis toe aan ruimtes gebaseer op gebeure en herinneringe. Tog is ons herinneringe nie net gekoppel aan fisiese plekke nie. Ons herinneringe neem ruimte op in ons gees, verstand en bewussyn – onthoude ruimte woon eindelik in ons harte en verstand.

Op soortgelyke wyse funksioneer geloof binne die sfeer van onthoude ruimte. Ten einde sin te maak van die lewe en betekenis toe te ken aan ervaring, onthou geloof die verlede en gebruik religieuse verbeelding om die toekoms te konstrueer. In Psalms 90-92 en 105-106 leer ons dat die wyse waarop ons die ruimte van die verlede rekonstrueer, bepalend is vir die wyse waarop ons die ruimte van die toekoms sal verbeel. Deur kollektiewe geheue en religieuse verbeelding herontdek 'n verlies-geteisterde volk hul identiteit in die onwrikbare ruimte wat God is. Jahwe – 'n woonplek van geslag tot geslag (Psalm 90: 1).

(Ds Marina Kok-Pretorius is leraar in Gemeente Potchefstroom)

# 'n Brief in die begraafplaas

Historiese almanak

**Ds Carel Johann de Bruin**

**Het jy al 'n begraafplaas gelees? Om grafkuns se simboliese betekenis te verstaan, gee inligting oor ons mense se geloof en lewensopvattings. As jy grafkuns kan verstaan, kyk jy met ander oë na grafstene!**

Onthou jy toe jy as klein kind leer lees het? Eers was dit lekker om na die prentjies te kyk en letters te leer. Maar, sjoe, daardie toweroomblik toe jy besef jy kan self woorde lees. 'n Nuwe wêreld het oopgegaan. Wil jy graag grafstene "lees"? Dis 'n geloofsavontuur soos min! As jy "grafsteentaal" nie kan lees nie, gaan 'n deel van die storie by jou verby.

Grafkuns, veral op ou grafstene, is prentjies met Christelike betekenis. Motiewe wat dikwels gebruik is, is sirkelblomme, harte, 'n ster, 'n duif, die lewensboom, 'n skoenlapper, plante soos klimop (*ivy*), blomme, en groetende hande. 'n Bybelteks, Gesangvers of spreuk was ook gewild. Grafkuns ontwikkel ook en daarom lyk verskillende tydperke se grafte anders: pionierstyd, Victoriaans of vroeg 20ste eeu. Gewone mense, amateurkunstenaars en onderwysers se volkskuns spreek die meeste tot 'n mens. Probeer gerus om J Celestine Pretorius se insiggewende boek *Die geskiedenis van Volkskuns in Suid-Afrika* te lees.

Op Paassondag – vanjaar 31 Maart 2024 – word van kansels af verkondig dat Jesus opgestaan het. Hierdie boodskap is egter nie net vir die "veilige ruimte" van kerkgeboue bedoel nie. Sommige gemeentes begin Paassondag met 'n vroeë byeenkoms in 'n begraafplaas of by die gemeente se gedenkmuur. Daar, juis tussen die grafte wat ons herinner aan die dood, word verkondig dat Jesus lewe. By die graf- of gedenksteen van 'n geliefde of lank oorlede voorouer of ander persone, kan ons getroos staan omdat ons glo Hy lewe en almal wat ons "vooruitgegaan" saam met Hom.

In die SP Engelbrecht-museum is drie grafstene van Voortrekkermans. Die steen van Pieter Daniel Jacobs (1780-1845) van Heidelbergdistrik is 95 x 46 x 4 cm. Ongelukkig is baie kantstukke afgebreek. Letters in Nederlands is 2 cm hoog. Toe 'n nuwe grafsteen in 1983 opgerig is, het hierdie steen sy weg gevind na die Kerkmuseum. Willem Cornelis Janse van Rensburg (1818-1865), oudpresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek (1862-1864), se steen is 140 x 75 x 10,5 cm met letters 23 mm hoog. Hy en sy eggenote is op sy plaas in die Rustenburgdistrik begrawe en later in 1974 saam in die helde-akker van die eerste Pretoria-begraafplaas, Kerkstraat-Wes, herbegrawe. Hierdie museum-begraafplaas word tans netjies gehou en bewaak. Derhalwe kan besoekers gerus daar besoek aflê. Versiering van bogenoemde stene lê hoofsaaklik in die sierskrif en die grootte en afwerking van die steen. Die Van Rensburgsteen vertoon heelbo 'n diagonale insnyding en twee smal kolomme weerskante van die skrif.

Natuurlike klip is gebruik om die gedenkstene te vervaardig – donker grysblou en donker rooibruin leiklip en sandsteen. Blootstelling aan die natuurelemente soos groot temperatuurskommelings verweer hierdie stene – anders as marmer en graniet. Daarom is bewaring indien moontlik onderdak aan te bevele soos in die geval by 'n museum. Die meeste begraafplase is ongelukkig vandag nie meer plekke van eerbied en respek, en les bes bewaring nie. Vandalisme lei tot 'n tragiese vernietiging van hierdie unieke kultuurerfenis. Die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika het 'n begraafplaasprojek met 'n landwye poging om alle grafte af te neem om biografiese inligting en daarmee saam volksgrafkuns digitaal te bewaar. Gaan kyk by **graves-at-eggsa.org**. Een van hul wenke om die ou letters en prente beter te lees, is om met 'n skoon verfkwassie koekmeel in te vryf. Dit beskadig nie die historiese erfenis nie en werk uitstekend.

Die derde steen is van Frans Abraham Booysen (1803-1887) van Vlakfontein, Bronkhorstspruitdistrik. 72 cm hoog by laagste vlak van pilaar voor; 78 cm hoog agter by hoogste punt van pilaar; 42 cm x 24,5 cm. Die reliëf aan die voorkant staan 1 cm uit. Kleinletters 30 mm; hoofletters 50 mm hoog.Die Booysensteen (sien foto) is 'n standsteenblok met inskripsies op al vier sye. Heelbo is 'n gebroke pilaar. Dit beteken dat 'n lewe afgebreek is; dat die familiehoof, 'n steunpilaar van krag, gesterf het. 'n Pilaar is ook die verbinding tussen hemel en aarde, en só getuig dit van die gebrokenheid van ons aardse bestaan. Ons sien 'n engel met gesig en vlerk. 'n Vredesengel wat nie 'n swaard dra nie – die oorledene sterf byvoorbeeld nie gewelddadig nie. Die engel word omsirkel met 'n lourierkrans – 'n simbool van geloofsoorwinning en eerbetoon. Die immergroen lourier roep: ewige lewe! Die maan vertel van tydsverloop in die lewensiklus: dood,



hergeboorte (bekering) en ewige lewe. Die vyf blaartjies van die vier rosies dui op die vyf wonde van Christus aan die kruis. Kruise is deur ons Protestantse voorouers as Rooms beskou en is daarom uiters skaars op ou stene. Die verdorde of gebroke roos verwys meestal na ons verganklike verwelking. En dan staan daar op die agterkant: *Waar liefde is / is vrede / Waar vrede is / woont God*.

Gaan lees 'n bietjie in hierdie opstandingsdae die prentjies op jul gemeente se gedenkmuur. Gaan stap deur 'n veilige begraafplaas. Elke steen is soos 'n kunswerk. Moenie met 'n begrafnisgesig die besoek bring nie. Grafsteenkuns ontlok verwondering. Moenie 'n grafsteen sien as 'n kennisgewingbord wat die einde van iemand se pad aandui nie; beskou dit eerder as 'n gedenkplaat wat op die oorgang wys. Ons graf is mos nie ons laaste bestemming nie. Toe ek die eerste keer, nadat ek geleer het van grafkuns, grafstene "lees", was dit 'n ongelooflike ervaring!

(Ds Carel Johann de Bruin is emeritus predikant en sekretaris van die Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek)

# Diakonale Pleegsorghuise

**Die Kinderhuise van die NHKA is gedurende 1922 deur die NHKA in die lewe geroep, om kinders in nood te versorg. Ons is dus reeds meer as 100 jaar lank aktief besig met die versorging van minderbevoorregte kinders. (Sien ook die middelblad van hierdie uitgawe.)**

Gedurende 1997 het die Kinderhuise omgeskakel vanaf twee sentrale kinderhuise na 'n gedesentraliseerde pleegsorg-sisteem om kindersorg af te wentel na gemeentes en lidmate. Daar is tans ses DPS-huise in twee provinsies: een elk in Montana en Ninapark in Pretoria; Potchefstroom; Elsburg; Krugersdorp; en Rustenburg.

Die DPS-sisteem is op 'n gewone gesin gebaseer. Elke huis het 'n huisvader en huismoeder wat na die kinders omsien. Die wonings is in gewone woonbuurte en word nie gemerk as "kinderhuise" nie. Dit gee ons kinders die geleentheid om so normaal moontlik in die gemeenskap te funksioneer sonder om geëtiketteer te word as wetsbestede kinders. Gesinne skakel ook in by hul plaaslike Hervormde gemeente. Die meeste kinders wat geplaas word, is ongelukkig kerklos, dus word hulle so bekend gestel aan die evangelie en ons gemeenskap as Christene.

Elke DPS-huis het 'n toesigkomitee wat bestaan uit predikante en diakens wat na die gesin se fisiese versorging omsien en die finansies van die huis bestuur. Vrywilligers of gemeente-afgevaardigdes word aangemoedig om by die komitee aan te sluit. Elke DPS-huis het ook 'n evaluasiekomitee wat multiprofessioneel saamgestel word uit predikante, maatskaplike werkers en vakkundiges en wat die kinders se welstand en behandelingsprogramme hanteer.

Met die hulp van 'n multidissiplinêre span wat bestaan uit senior maatskaplike werkers, predikante, opvoedkundige sielkundiges en onderwysers kan 'n holistiese benadering gevolg word om elke kind te lei van gebrokenheid na heelheid.

Binne die eerste ses maande nadat 'n kind aan ons sorg toevertrou word, word die kind volledig geassesseer, 'n persoonlikheidsprofielontleding word gedoen met die hulp van Tall Trees, en 'n Individuele Ontwikkelingsplan (IOP) word vir die betrokke kind saamgestel. Die IOP fokus op die spesifieke kind se sterkpunte en groeiareas. Spesifieke traumatiese gebeurtenisse word ook in die plan ingewerk om die kind te help om die trauma te hanteer en te verwerk. Die kind, die pleegouers, lede van die multiprofessionele span en ook in sommige gevalle die biologiese ouers van die kind vorm deel van die kind se pad na herstel.

Pleegouers ontvang die nodige leiding om die kind met sy of haar spesiale behoeftes en uitdagings te hanteer. Elke plan word saamgestel om die kind se emosionele, spirituele, skolastiese en kulturele behoeftes in ag te neem, met die einddoel om 'n gesonde jong volwassene die samelewing in te stuur. Die pleegouers word streng gekeur en volg 'n ses weke lange oriënteringsprogram waarin hulle opgelei word om erg getraumatiseerde kinders te hanteer. Aspekte soos die impak van trauma op die kind se breinontwikkeling, dissipline, emosionele regulering, ontspanningstegnieke en die belangrikheid van selfsorg om uitbranding te voorkom, word behandel.

Die maatskaplike werkers bied jaarliks opleidingskampe aan waar ons nuwe vaardighede vir sowel die pleegouers as die kinders leer. Dit behels onder andere opleiding in traumahantering, emosionele regulering, praktiese versorging en veel meer.

Spesiale aandag word geskenk aan ons skoolverlaters om hulle gereed te kry vir die grootmenslewe. Aspekte wat hanteer word, sluit in die opstel van 'n begroting, waarna om te kyk wanneer jy 'n kontrak teken, 'n bestuurslisensie, die opstel van 'n CV, en hoe om jouself voor te berei vir en op te tree tydens 'n werkonderhoud.

Selfs na die kinders uit die huis is, word ondersteuningsdienste aan hulle gelewer (mits dit hul behoefte is). Hulle word begelei om selfstandig te raak. Baie van ons kinders kom, nadat hulle die huis verlaat het, terug om te help as vrywilligers en mentors vir die kinders wat nog in die huis is.

Die nood is ontsettend groot en word by die dag erger. Die lewenskoste van basiese noodsaaklikhede soos kos, water, elektrisiteit en brandstof raak ook by die dag duurder. Vrywillige bydraes, klein of groot, maak 'n daadwerklike verskil aan ons kinders se welstand.

(Mnr Otto Viljoen is bestuurder: DPS-sisteem. Kontak hom by **kinderhuise@nhk.co.za** / 060 968 4907)

# Predikant emeriteer na 38 jaar in dieselfde gemeente



**Gemeente Alberton het Sondag 25 Februarie afskeid geneem van ds PB (Pieter) en Susan Viljoen. Hulle was sedert 24 Mei 1986 ('n volle 38 jaar!) die predikantspaar van Alberton.**

Ds Viljoen is op 6 Mei 1984 georden en het eers sedert 1984 in Gemeente Weskus gedien.

Na sy afskeidspreek het oudl Fred Paynter namens die Kommissie van die AKV die akte van losmaking aan hom oorhandig. Na soveel jare was dit vir sowel ds Pieter en Susan as die gemeente 'n emosionele afskeid. Ds CJ van Wyk en Retha is reeds op 7 Januarie as die nuwe predikantspaar ontvang.

**Op die een foto** verwelkom ds CJ van Wyk vir ds Viljoen op die kansel. **Op die ander foto** is die sprekers tydens die geleentheid: Van links na regs oudl Daan Grobler (namens die gemeente), oudl Cobus van Wyk (geleentheidsheer), ds William Harmse (namens die ring van Germiston), broer Francois Pretorius (wat 'n geskenk aan ds Viljoen oorhandig het), ds Pieter Viljoen, en oudl Fred Paynter (van die Kommissie van die AKV).



## Emerituspredikant oorlede

**Emerituspredikant ds PJJ (Pierre) Kotzé (74) is net voor 15:00 Saterdag 9 Maart oorlede.**



Ds Kotzé het middel Januarie 'n operasie ondergaan waartydens 'n hartomleiding gedoen en 'n hartklep herstel is. Hy het aanvanklik goed aangesterk en is van die St George-hospitaal in Port Elizabeth na die Aurora-rehabilitasiehospitaal oorgeplaas. Daar het hy ongelukkig longontsteking en infeksie opgedoen en is teruggeplaas na die St George-hospitaal, waar hy geleidelik verswak het.

Ds Kotzé is op 9 Januarie 1977 georden en het gedien in Krugersdorp-Wes, Potgietersrus-Wes en Piet Potgieter. Hy het in 2012 siekte-emeritaat aanvaar, en in 2015 emeritaat. Hy en sy vrou, Maryna, het in Jeffreysbaai gewoon, en hy was 'n ouderling in die gemeente. Hy het tot 'n jaar gelede nog gereeld eredienste in Jeffreysbaai en Port Elizabeth waargeneem.

Sy roudiens op Woensdag 13 Maart vanuit Gemeente Jeffreysbaai is gelei deur ds Denise Schmidt, predikant van die samewerkende gemeentes Port Elizabeth en Jeffreysbaai. Ons innige simpatie gaan aan mev Maryna Kotzé en hul familie.

# Stoepstories: Voertsekbroodjies

**Oupa Stoep**

Paniekbevange Pastoriemoeder van Petrus Steyn vra: *Beste Oupa Stoep, my man is onlangs bevestig in Petrus Steyn. Dit is ons eerste gemeente, so ons is nog baie onseker oor baie dinge. Een van die tannies in die gemeente is terminaal siek en ek weet ek gaan een van die dae moet help met die reëlings rondom haar roudiens. Hoe werk die teedrinkery na die tyd? Wat sit mens voor? Wie dra watter onkostes, nie net vir die teedrinkery nie, maar vir alles tydens die roudiens? Help asseblief!*

Beste Pastoriemoeder, as Oupa kan probeer om vir jou goeie raad te gee, dan sal dit wees dat jy van die begin af vaste reëlings in plek moet sit. Oupa het, toe hy net na die runderpes predikant geword het, dit so gekry dat die volgende reëlings gegeld het: Vir lidmate van die gemeente is daar geen koste vir 'n roudiens nie; persone wat nie lidmate is nie, kan gevra word om 'n bedraggie te betaal vir die koster en die orrelis, as hul dienskontrakte bepaal dat roudienste nie deel van hul normale verpligtinge is nie. Die susters van die gemeente help met die verversings na die diens en hulle doen dit as liefdesdiens.

As dit van jou verwag word om hierdie verversings te reël, wil Oupa aan die hand doen dat jy van dag een af die standaard stel. Die susters neem verantwoordelikheid vir die skink van tee en koffie en die maak van broodjies. As die familie iets meer as broodjies wil voorsit, neem hulle self daarvoor verantwoordelikheid. Vir Oupa is 'n roudiens nie 'n roudiens as daar nie eierbroodjies te ete is nie. Sien, Oupa vrek oor eierbroodjies. Oupa is 'n fynproewer van eierbroodjies en het die kosbare raad gekry dat die maklikste en lekkerste eierbroodjies gemaak word as mens roereiers maak en dié dan meng met mayonnaise en as smeer gebruik. Dit is baie makliker as om eiers te kook, met 'n gesukkel af te dop en dan fyn te maak.

Oupa was dus effe uit die veld geslaan toe hy met die weduwee van 'n dierbare vriend sit en praat oor die reëlings vir haar man se roudiens. Koos was lank baie siek en het seker besef dat die einde naby is en hy was baie spesifiek, het sy vrou vir my gesê. Hy soek nie voertsekbroodjies op sy roudiens nie, het hy vir haar gesê. Toe Oupa vra wat *voertsekbroodjies* is, moes hy hoor dat dit Koos se naam vir eierbroodjies was. Oupa moes maar by Koos se roudiens tevrede wees met worsrolletjies, frikkadelle en klein hoenderpasteitjies.

Oor wie vir wat moet betaal by 'n roudiens, het Oupa 'n baie sterk oortuiging. Oupa besef elke gemeente het sy eie reëlings, maar in al die jare het Oupa daarop gestaan dat 'n roudiens by uitstek die geleentheid is wanneer die gemeente haar sagte kant moet wys. Om te moet voorskryf dat dit x bedrag gaan kos vir 'n roudiens wanneer die naasbestaandes soveel ander dinge het om hulle oor te bekommer, was vir Oupa net onaanvaarbaar. Oupa sou, as nie-lidmate daarna vra, sê dat hulle 'n bedraggie vir die koster en orrelis kon skenk. Self wou Oupa nooit geld vir 'n roudiens hê nie en nooit het Oupa toegelaat dat 'n fooi vir die gebruik van die kerkgebou gehef word nie. Om 'n bekende spreuk in die kerk effe te verander: As dit by roudienste kom, sondig Oupa veel eerder teen 'n begroting as wat hy sondig teen die liefde.

Oupa is nou so opgeklits dat hy terstond vir hom 'n eierbroodjie gaan maak...

**Redakteur:** Dr Johan van Staden. **Subredakteurs:** Ds Etienne Fourie, dr Annelie Botha. **Produksieredakteur:** Mev Tessa Oppermann.
**Redaksie:** Ds Etienne Fourie (voorsitter), ds Elmien Shaw, ds Dalene Lourens, ds Yolandé de Lange, dr Annelie Botha, prof Tanya van Wyk, dr Wouter van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV).
**Grafies:** Mnr Hugo van Niekerk.
**Administrasie:** Mev Sarie Roux.
**Uitgewer:** Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Posbus 2368, Pretoria 0001. Tel 012 322 8885, e-pos: boekwinkel@nhk.co.za, webblad: www.nhka.org
**Drukkers:** Seriti Printing, Pretoria. By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer ISSN 0259-949X.

*Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.*